4 Morsige Meraaitjie


Bly skoon en fiks

Meraaitjie wil met haar pop speel.
Waar, o waar kan sy wees?
Is sy onder die bed?
Is sy agter die gordyn?
Is sy op die boekrak?
Miskien is sy in die kas?"
"Mammaaaa," huil Meraaitjie,
"Poppie het weer weggeloop!"





"Kyk net na die deurmekaarspul, Meraaitjie," sê haar ma.
"Geen wonder jy kan nie vir Poppie kry nie.
Dis tyd om op te ruim, jou morsige klein meisietjie!"
Meraaitjie pak haar speelgoed weg in die speelgoedkis.
Sy stapel haar boeke op die boekrak.
En laaste gooi Meraaitjie haar vuil wasgoed in die wasgoedmandjie.
Kiekeboe! Kyk wie kruip hier weg!


"Haai Poppie," jubel Meraaitjie. "Kom uit en speel!"
"Wag, jong dames," sê Meraaitjie se ma.
"Julle kan nie so uitgaan nie!"
Meraaitjie was haar gesig en hande.
Sy skrop agter Poppie se ore.
Sy borsel haar tande.
En weg is hulle om met hul maatjies te gaan speel.
Meraaitjie se ma waai totsiens en glimlag.
Shamp
Soap
TOOTH PASTE